HOëRSKOOL LABORI
INLIGTINGSBROSJURE 2022

Dinamiese meerstromige skool in die Paarl

INHOUDSOPGAWE

INHOUD	BL.
1. Verwelkoming ……	4
2. Toelatingsbeleid ……	4
2.1 Kriteria en Riglyne ……	4
2.2 Ander Vereistes ……	5
3. Waarom Hoërskool Labori vir jou belangrik is! ……	5
4. Kontakbesonderhede ……	6
4.1 Skool ……	6
4.2 Huis Jan van Zyl ……	6
4.3 Huis Theo Pauw ……	6
5. Personeel- en Beheerliggaamlede ……	7
5.1 Personeellede ……	7
5.2 Beheerliggaamlede ……	7
6. Vakkeuses ……	8
6.1 Grade 8 en 9 ……	8
6.2 VOO Kursus – Grade 10 tot 12: Vakkeuses ……	8
7. Buitemuurse Bedrywighede ……	9
7.1 Sport ……	9
7.2 Kultureel ……	9
8. Skooldrag en Voorkoms ……	9
8.1 Skooldrag en Voorkoms: Dogters ……	9
8.1.1 Somerdrag ……	9
8.1.2 Winterdrag ……	9
8.1.3 Hare ……	10
8.1.4 Naels ……	10
8.1.5 Grimering ……	10
8.1.6 Juweliersware ……	10
8.1.7 Oorbelle ……	10
8.1.8 Balkies ……	10
8.1.9 Tattoeërmerke ……	10
8.2 Skooldrag en Voorkoms: Seuns ……	11
8.2.1 Somerdrag ……	11
8.2.2 Winterdrag ……	11
8.2.3 Hare ……	11
8.2.4 Skeer ……	11
8.2.5 Juweliersware ……	11
8.2.6 Tattoeërmerke ……	11
8.2.7 Balkies ……	12
8.3 Kleredrag vir Sportwedstryde ……	12
8.3.1 Rugby ……	12
8.3.2 Tennis ……	12
8.3.3 Netbal ……	12
8.3.4 Landlope ……	12

8.3.5 Atletiek 12
8.3.6 Krieket 13
8.3.7 Gholf 13
8.3.8 Muurbal 13
8.3.9 Hokkie: Seuns 13
8.3.10 Hokkie: Dogters 13

9. Skoolreëls 13

9.1 Verbode Terrein 13
9.2 Aantree 13
9.3 Beweging 13
9.4 Pouses 13
9.5 Laatkommers 13
9.6 Tasse 14

10. Gedragskode vir Leerlinge 14

10.1 Visie 14
10.2 Doel van Gedragskode 14
10.3 Verantwoordelikheid van Vennote 14
10.4 Die Regte en Verantwoordelikhede van Leerlinge 15
10.5 Klaskamerreëls 15
10.6 Onderwysers maak die volgende ondernemings 15

1. VERWELKOMING

WELKOM BY HOËRSKOOL LABORI

Die Hoërskool Labori se personeel, leerlinge en Beheerliggaam wil u en u kind by voorbaat verwelkom. Ons vertrou dat u en u kind ’n baie gelukkige en suksesvolle verbintenis met die skool gaan hê.

Ons glo dat ons, tesame met u en u kind, ’n wenspan sal vorm wat sal help dat u kind sy/haar ideale sal kan verwesenlik.

Getrou aan ons leuse, ***Labor Omnia Vincit* – Arbeid oorwin alles**, sal ons poog om alle leerlinge blywende waardes, waarsonder hulle nie suksesvol tot die wêreld van werk sal kan toetree nie, aan te leer.

Labori handhaaf ’n Christelike lewensbeskouing en verwag van leerlinge om te help bou aan die bestaande etos van die skool.

2. TOELATINGSBELEID

2.1 KRITERIA EN RIGLYNE

Labori is ’n meerstromige skool waar die onderrig in Afrikaans geskied. Die hoofkriteria by toelating is gevolglik Afrikaanssprekende leerlinge wat beoog, en nadat hulle getoets is, sou kwalifiseer om ‘n tegniesestudierigting te volg vanaf Graad 10. Die toetsing vind reeds plaas voor toelating in graad 8 ten einde te verhoed dat ’n leerling na graad 9 na ’n ander skool moet gaan. Goeie wiskunde- en wetenskappunte is ’n vereiste vir hierdie studierigting.

Verder beskik Labori oor sowel ’n seuns- as ’n meisiekoshuis en kry leerlinge wat om koshuisverblyf aansoek doen voorkeur by toelating ten einde beide koshuise ekonomies te regverdig.

Aangesien Labori een van die min hoërskole in Sentraal Paarl is, wat seuns sowel as dogters as leerlinge het, word voorkeur gegee aan dogters as dit by toelating vir die gewone studierigting kom. Dit is vanweë die feit dat dit hoofsaaklik seuns is wat om toelating tot die tegniesestudierigting aansoek doen en dogtersgetalle vir die aanbied van ’n gebalanseerde buitemuurse program noodsaaklik is.

Die skoolfonds, soos deur die Beheerliggaam bepaal, is ’n allesomvattende bedrag en sluit gevolglik handboeke, vervoerkostes in geval wegwedstryde en ’n eenmalige uitreiking jaarliks van skryfboeke in.

Leerlinge wie toegelaat is, moet vooraf saam met die finansiële vorms wat ingedien word die voorgeskrewe skooltas se geld en in die geval van Graad 8’s hul oriënteringskampgelde inbetaal ten einde die inskrywing te finaliseer. Leerlinge wie onttrek nadat hulle toegelaat is se gelde sal terugbetaal word.

Die vermoë om die voorgeskrewe skoolfonds te betaal, is nie ’n kriteria vir toelating nie. Daar is voorgeskrewe departementele riglyne waarvolgens verligting vir die

betaling van skoolfonds voor aansoek gedoen kan word. Die regte prosedure moet in hierdie verband gevolg word en stawende bewyse moet voorgelê word.

2.2 ANDER VEREISTES

Slegs leerlinge wat, na oordeel van die skoolhoof, in die normale gang van onderwys baat sal kan vind by inskrywing as leerling van hierdie skool (verwys na bg. kriteria en riglyne), sal vir inskrywing oorweeg word.

Die skool behou hom die reg voor om van enige leerling die voorlegging te eis van identiteitsbewys en/of geboortesertifikaat sowel as die mees onlangse rapport.

Alle voornemende leerlinge moet bereid wees om Afrikaans as onderrigmedium te aanvaar.

Alle voornemende leerlinge moet onderneem om bestaande tradisies van die skool te handhaaf.

Ouers onderneem om die **verpligte** onderriggeld en koshuisgeld soos deur die Beheerliggaam van hierdie skool bepaal, stiptelik te betaal volgens die betaalwyse wat u verkies soos uiteengesit in die *Aansoek om toelating*.

Die skool se leerlinge en ouergemeenskap mag nie die skool vir enige partypolitieke of buite-parlementêre politieke organisasie, massa-optrede of drukgroep gebruik nie.

Leerlinge sal slegs ingeskryf word indien hul ouderdom nie die aanvaarde ouderdom met 2 jaar oorskry nie.

Ouers en leerlinge moet die skoolkurrikulum aanvaar (eksamenvakke, nie-eksamenvakke, kulturele- en sportbedrywighede).

Leerlinge moet aan ten minste een somer- en een winter buitemuurse aktiwiteit deelneem.

3. WAAROM HOËRSKOOL LABORI VIR JÓÚ BELANGRIK IS!

As ‘n unieke meerstromige skool wat **drie studierigtings** aanbied, te wete

- **Tegnologies (Ingenieurs- en rekenaarvakke)**
- **Handel (Ekonomiese Wetenskappe)**
- **Gewone (Akademies)**

is hierdie skool uitstekend geposisioneer en toegerus met moderne onderwys- en opleidingsfasiliteite om leerlinge met ’n voorsprong vir die beroeps- en tegnologiese wêreld voor te berei. Leerlinge kan na skool aan ’n universiteit, technikon of kollege gaan studeer, maar is ook goed opgelei om dadelik te begin werk. Afhangende van ’n leerling se vakkeuse kan hy/sy haas enige beroep beoefen (meer inligting hieroor sal graag deur die skoolhoof verskaf word).

4. KONTAKBESONDERHEDE

ADRESSE EN TELEFOONNOMMERS

4.1 SKOOL

Posadres:	Privaatsak X3013, Paarl, 7620
Straatadres:	Gimnasiumstraat, Paarl, 7646
Telefoonnommer:	021-8728293
E-pos:	admin@hslabori.co.za/ontvangs@hslabori.co.za
Webblad:	www.hslabori.co.za

4.2 HUIS JAN VAN ZYL

Adres:	Meulstraat, Paarl, 7646	
Telefoonnommers:	Superintendent:	021-8728420
	Kombuis:	021-8728486

4.3 HUIS THEO PAUW

Adres:	Bothastraat, Paarl, 7646	
Telefoonnommers:	Superintendent:	0826575200
	Kombuis:	021-8726562

4.4 SKOOL UNIFORM

Leweransier van skoolklere: De Jagers: 021-8728500

Die skool beskik oor ‘n Klerebank, waar goeie kwaliteit tweedehandse skoolklere te koop aangebied word teen billike pryse.

5. PERSONEEL- EN BEHEERLIGGAAMLEDE

5.1 PERSONEELLEDE

Naam	Vakgebied
Mnr J Batt - **Skoolhoof**	
Mnr P Terblanche - **Adjunkhoof**	Fisiese Wetenskap
Mev Breytenbach	Fisiese Wetenskappe; Wiskunde
Mev N Louw	Lewenswetenskappe; Natuurwetenskappe
Mnr O Christensen – **Graadhoof Gr 10**	Siviele Tegnologie; Ingenieursgrafika en Ontwerp; Tegnologie
Mnr H Dreyer	Besigheidstudies; Ekonomiese Bestuurswetenskappe(Rekeningkunde)
Mev H Coetzee	Lewensoriëntering; Engels
Mnr F Erasmus	Wiskunde; Fisiese Wetenskappe, Tegniese Wetenskappe
Mej J le Roux	Tegniese Wiskunde; Wiskunde; Afrikaans
Mev T Hancock	Engels
Mev R Koegelenberg - **Graadhoof Gr 9**	Wiskunde
Mnr M H le Roux	Rekenaartoepassingstegnologie; Engels
Mev A Manuel	Tegniese Wetenskappe; Fisiese Wetenskap; Wiskunde
Mej H Maritz	Toerisme; Skeppende Kuns; Sosiale Wetenskappe
Mnr C Matthee	Lewensoriëntering; Afrikaans; Geografie
Mnr J Morris	Afrikaans
Mev D Visser	Rekeningkunde; Skeppende Kuns
Mnr R Muller	Inligtingstegnologie; RT, Sosiale Wetenskappe
Mnr M Pfister	Sosiale Wetenskappe; Wiskunde; Wiskundige Geletterdheid
Mej E Redelinghuys – **Graadhoof Gr 12**	Afrikaans; Sosiale Wetenskappe
Mev M Rossouw	Geografie; Sosiale Wetenskappe
Mej I Smit	Afrikaans; Engels
Mej J Steenkamp	Wiskundige Geletterdheid; Bemarking: Onderhoudsbestuurder
Mnr R E Swart	Elektriese Tegnologie; Tegnologie; Tegniese Tekene
Mnr L Snyman	Meganiese Tegnologie; Ingenieursgrafika en Ontwerp; Tegnologie
Mev G Snyman – **Graadhoof Gr 11**	Engels
Mnr P F Theron – **Graadhoof Gr 8**	Ingenieursgrafika en Ontwerp; Tegnologie
Mev S Walters	Administratief – Finansies
Mev A Gericke	Administratief
Mev J Batt	Administratief - Finansies
Mev Z de Beer	Administratief
Mnr M Kershoff	Rekeningkunde; Besigheidstudies; Lewensoriëntering; Sportorganiseerder; Bemarking; Oud-Studentebond;
Mev P Viljoen-Louw	Berader

5.2 BEHEERLIGGAAMLEDE

Ouer Verteenwoordigers

Mnr SP van der Merwe – Voorsitter
Mev T Smit
Mnr P Morkel
Mnr JP Otto
Mnr A Gericke
Mev L Lawrence

Opvoeder Verteenwoordigers

Mnr J Batt - Skoolhoof
Mnr P Terblanche - Adjunkhoof
Mnr LF Snyman

Nie-KS Verteenwoordiger

Mnr M Kershoff

Leerling Verteenwoordigers

VRL – Voorsitter
VRL – Onder-Voorsitter

6. VAKKEUSES

6.1 GRADE 8 EN 9

Vakke		Verduideliking
Afrikaans	:	Afrikaans Huistaal
Engels	:	Eerste Addisionele Taal
WISK	:	Wiskunde
NW	:	Natuurwetenskappe (Lewenswetenskap en Natuur- en Skeikunde)
SW	:	Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis en Geografie)
EBW	:	Ekonomie Bestuurswetenskappe (Rekeningkunde en Besigheidstudies)
TEG	:	Tegnologie (Tekene en Tegniese Teorie en Praktyk)
SK	:	Skeppende Kunste (Drama en Visuele Kuns)
LO	:	Lewensoriëntering

Let op dat alhoewel alle hoërskole dieselfde vakke behoort te hê, ons leerlinge Tegnologie in spesiale toegeruste werkswinkels neem en dus beter toegerus word vir ’n keuse in ’n tegnologiese studierigting vanaf graad 10.

6.2 VOO KURSUS – GRADE 10 TOT 12: VAKKEUSES

(Ingefaseer in Gr. 10 vanaf 2016)

1. Afrikaans (Huistaal)
2. Engels (Eerste Addisionele Taal)
3. Lewensoriëntering
4. Wiskunde // Tegniese Wiskunde // Wiskundige Geletterdheid
5. Fisiese Wetenskappe // Tegniese Wetenskap // Besigheidstudies // Toerisme
6. Lewenswetenskap // Rekenaartoepassingstegnologie // Elektriese Tegnologie Meganiese Tegnologie // Siviele Tegnologie
7. Geografie // Rekeningkunde // Ingenieursgrafika en Ontwerp // Inligtingstegnologie

Let Wel

- Inligtingstegnologie mag as ’n agste vak geneem word. Keuring om toelating tot Inligtingstegnologie is ’n vereiste.
- Leerlinge wat ‘n tegniese vak kies (kyk no. 6 bo) word verplig om of Wiskunde of Tegniese Wiskunde te neem (Wiskundige Geletterdheid is nie ‘n opsie nie).
- Leerlinge wat ‘n tegniese vak kies (kyk no. 6 bo) word verplig om of Fisiese Wetenskap of Tegniese Wetenskap te neem (Besigheidstudies en Toerisme is nie ‘n opsie nie).
- Leerlinge wat ‘n tegniese vak kies (kyk no. 6 bo) word verder verplig om Ingenieursgrafika en Ontwerp (kyk no. 7 bo) te neem.

7. BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE

By die Hoërskool Labori is sportafrigting in rugby, netbal, atletiek, landlope, hokkie, skaak, jukskei, boogskiet, gholf, tennis en krieket van die hoogste gehalte, terwyl afrigting in ander sportsoorte op die dorp beskikbaar is. Die kanale is oop vir ons sportlui om in enige sport te kan meeding tot op provinsiale en selfs nasionale vlak. Die jaarlikse interskole is die hoogtepunt op die sportkalender. Ons pragtige sportgronde is ‘n pluspunt vir ons skool.

7.1 SPORT

Rugby, Netbal, Hokkie, Atletiek, Tennis, Krieket, Landlope, Gholf, Skaak.
Enige ander soos behoeftes vereis.

7.2 KULTUREEL

VSCV, Redenaars, Mediakomitee, Fotografieklub, Kultuuraande.
Enige ander soos behoeftes vereis.

8. SKOOLDRAG EN VOORKOMS

8.1 SKOOLDRAG EN VOORKOMS: DOGTERS

8.1.1 SOMERSDRAG

Romp en wit oopnekhemp met skool se naam op sak
Skoolbaadjie (opsioneel) / Moulose skooltrui met wapen (opsioneel)
Langmou skooltrui (slegs onder baadjie)
Wit enkellengte sokkies (nie handdoekstof) wat ten minste 3 cm omgevou is
Swart skoolskoene (leer of kunsleer)

8.1.2 WINTERSDRAG

Romp en wit hemp vir das
Skoolbaadjie en skooldas/eredas (verpligtend)
Swart skoolkouse (verpligtend)
Langmou skooltrui of moulose skooltrui (slegs onder baadjie)
Swart skoolskoene

Die amptelike reënbaadjie mag slegs op reëndae bo-oor die baadjie gedra word.

L.W.: (a.) Lengte van die romp mag nie korter as 15 cm van die grond af wees wanneer die dogter kniel nie.
(b) Geen ander kledingstuk word toegelaat nie.

8.1.3 HARE

Hare moet ten alle tye skoon en netjies wees en mag onder geen omstandighede gekleur, gekartel word of strepies ingesit word nie.

Lang hare moet vasgebind word. Los hare mag nie langer as die kraag wees nie. Geen langhaar byderwetse modes sal aanvaar word nie. Geen “dread locks”.

Dogters se kuiwe mag nie oor die wenkbroue hang en oë verberg nie. Stertjies word ook nie toegelaat nie. Geen haarslierte nie, loshangende hare moet vasgesteek word.

Slegs die volgende mag in hare gedra word:

- Rekkies – bruin of swart
- Linte – rooi of vlootblou
- Haarbande – effekleurige swart, rooi of vlootblou
- Klein haarknippies – bruin, swart, rooi of vlootblou

Jel mag slegs gebruik word om kort hare binne die reels te stileer.

8.1.4 NAELS

Moet goed versorg en kort wees. Mag nie by vingerpunte verbysteek nie. Geen gekleurde naelpolitoer mag gebruik word nie.

8.1.5 GRIMERING

Geen grimering van watter aard ookal word by skooldrag toegelaat nie.

8.1.6 JUWELIERSWARE

Geen ringe, hangertjies, armbande of kettings word toegelaat by skooldrag nie. Dit geld ook vir besoeke aan die dorp en by skool byeenkomste. Slegs horlosies en amptelike mediese kettings word toegelaat.

8.1.7 OORBELLE

Oorbelle met ’n maksimum deursnee van 3 mm en klein 1 cm grootte ringetjies mag gedra word. Slegs een paar oorbelle in laagste gaatjies in oorbel.

8.1.8 BALKIES

Slegs die skoolwapen, algemene VCSV-balkie, VRL-balkie, koshuisprefek-wapen en skoolverenigings-balkies mag gedra word.

8.1.9 Tattoeërmerke

Geen sigbare tatoeërmerke is toelaatbaar by skooldrag of sportdrag nie. Enige sigbare tatoeërmerke op vingers/hande moet bedek word

8.2 SKOOLDRAG EN VOORKOMS: SEUNS

8.2.1 SOMERDRAG

Grys lang- of kortbroek en wit oopnekhemp met skool se naam op sak of wit hemp met skooldas of erekleuredas
(Saam met kortbroek en langbroek word slegs grys skoolkouse toegelaat)
Skoolbaadjie (opsioneel), maar met das / Moulose skooltrui met wapen (opsioneel)
Langmou skooltrui (slegs onder baadjie)
Swart skoolskoene

8.2.2 WINTERDRAG

Grys lang- of kortbroeke en wit hemp vir das. Langbroeke word met ‘n swart gordel gedra.
Skoolbaadjie en skooldas/eredas (verpligtend)
Grys skoolsokkies (verpligtend)
Langmou skooltrui of moulose skooltrui met wapen (slegs onder baadjie)
Swart skoolskoene (nie stewels)

Die amptelike reënbaadjie mag slegs op reëndae bo-oor die baadjie gedra word.

8.2.3 HARE

Hare moet deurgaans skoon en netjies gekam wees.

Hare mag nie die ore raak nie, moet egalig opgesny word, mag nie in die nek krul of op die boordjie hang nie. Geen “mowhawks” of “steps” word toegelaat nie. Die sogenaamde “english cut” is nie toelaatbaar nie.

Seuns mag nie lang kuiwe of stertjies kweek nie en ook nie hare kleur, kartel of vleg nie.

Wangbaarde mag nie laer as die middel van die oor wees nie.

Jel mag slegs gebruik word om kort hare plat te hou en nie om dit te stilleer nie. Dit mag dus nie gebruik word om hare wat te lank is, te verdoesel nie.

Kuiwe wat regop staan, mag nie hoër uitstaan as die res van die hare nie. Opgekamde kuiwe, wat oor die oë hang wanneer dit vorentoe gekam word, is ook ontoelaatbaar.

8.2.4 SKEER

Seuns moet ten alle tye geskeer wees en mag nie baard of ’n snor laat groei nie.

8.2.5 JUWELIERSWARE

Geen ringe, hangertjies, armbande, kettings, oorbelle of oorringetjies word toegelaat by die skooldrag nie. Dit geld ook vir besoeke aan die dorp en by skoolbyeenkomste. Slegs horlosies en amptelike mediese kettings word toegelaat.

8.2.6 TATTOEËRMERKE

Geen sigbare tatoeërmerke is toelaatbaar by skooldrag of sportdrag nie. Enige sigbare tatoeërmerk op hande en vingers moet bedek word.

8.2.7 BALKIES

Slegs die skoolwapen, algemene VCSV-balkie, VRL-balkie, koshuisprefekte-wapen en skoolverenigingsbalkies mag gedra word.

8.3 KLEREDRAG VIR SPORTWEDSTRYDE

Verkrygbaar by De Jagers.

8.3.1 RUGBY

Wegwedstryde: Vertrek in volle winterdrag. Keer terug in winterdrag of sweetpak.
Tuiswedstryde: 1ste span: Aankoms: Wintersdrag.
Ander spanne: Skoolsweetpak of winterdrag, solank die span eenvormig is.

Eerste span: 1ste spantrui, blou broek, 1ste span sokkies, skrumpet (swart of blou), skouerkussings toelaatbaar, skibroek (kort - donkerblou of swart).

Ander spanne: Skoolrugbysokkies, donkerblou broek en amptelike trui, skouerkussings, skrumpet (swart of blou), skibroek (kort - donkerblou of swart).

8.3.2 TENNIS

Reis in sweetpak: Tekkies, wit sokkies, blou broek met skool se wapen / netbalromp, gholfhemp met skool se wapen (seuns), moulose hemp met skool se wapen (meisies).

8.3.3 NETBAL

Reis met sweetpak of rompie of blou kortbroek met skool se naam, met reënbaadjie.
Speel met blou romp en moulose hemp met skool se wapen op.
Eerste span: Netbalrokkie met wapen. By die afrigter te kry.

8.3.4 LANDLOPE

Reis in sweetpak: Tekkies, wit sokkies, blou broek met skool se naam / netbalromp, moulose hemp met wapen of atletiekdrag.

8.3.5 KRIEKET

0/14 – 0/16: Tekkies/krieketskoene, wit kort- of langbroek (rugbykouse saam met kortbroek), gholfhemp met skool se wapen, skoolpet opsioneel.
0/19: Tekkies/krieketskoene, wit langbroek, gholfhemp met skool se wapen, skoolpet opsioneel.

8.3.6 ATLETIEK

Interhuis:
Seuns: Blou rugby- of atletiekbroek met skool se wapen met gholfhemp met skool se wapen of hemp in huis se kleur (sonder geskryf) of Labori atletiekhemp.
Dogters: Blou netbal-/atletiekbroekie met skool se wapen of blou netbalromp en wit moulose hemp met skool se wapen of hemp in huis se kleur of Labori atletiekhemp
Dirigente: Neem slegs deel in atletiekdrag

Byeenkomste:
Reis met sweetpak.
Atletiekfrokkie, atletiekbroek, spykerskoene of tekkies.

8.3.7 GHOLF

Khaki kort- of langbroek en Labori gholfhempie.

8.3.8 HOKKIE: SEUNS

Labori gholfhempie en Labori donkerblou broekie en hokkiesokkies (dieselfde as Paarl Hokkieklub – verkrygbaar vanaf Pêrel Sport).
Eerstespan: Amptelike spanhemp en donkerblou broekie.

8.3.9 HOKKIE: DOGTERS

Labori gholfhempie en Labori koningsblou romp en hokkiesokkies (dieselfde as Paarl Hokkieklub, verkrygbaar vanaf Pêrel Sport).
Eerstespan: Amptelike eerstespan hemp, romp en sokkies.

9. SKOOLREËLS

9.1 VERBODE TERREIN

Die nuwe gebou (behalwe kafeteria), voor skool en tydens pouses.

9.2 AANTREE

Leerlinge moet sodra die klok lui vir aantree, soggens onmiddellik in rye aantree en dan mag daar nie gesels of geëet word nie. Leerlinge moet sorg dat hulle in die regte rye staan.

9.3 BEWEGING

Leerlinge beweeg vinnig na ‘n volgende klas. Geen gedraal of afparing word toegelaat tydens beweging nie. Beweging geskied ordelik en vinnig sodat die minimum tyd verlore gaan. Leerlinge mag nie tydens klaswisseling die kleedkamers sonder toestemming besoek of hul selfone gebruik nie. Wanneer die tweede klok met klaswisseling lui, moet alle leerlinge in hul volgende klas wees.

9.4 POUSES

Gedurende pouses mag leerlinge nie sonder verlof die skoolterrein verlaat nie.

9.5 LAATKOMMERS

Leerlinge wat in die oggend laat is vir skool moet by die Algemene Kantoor aanmeld voordat hulle na hul klasse gaan.

9.6 TASSE

Slegs die amptelike Labori skooltas mag gebruik word. Daar mag geen slagspreuke op die tasse wees nie. Net die naam van die leerling is toelaatbaar.

9.7 AFWESIGHEID

Indien ‘n leerder afwesig is a.g.v. siekte of enige ander rede, moet sy/haar afwesigheid by die Algemene Kantoor aangemeld word voor 08:00. Indien leerder langer as drie dae siek is, moet ‘n mediese sertifikaat by die Algemene Kantoor ingedien word

10. GEDRAGSKODE VIR LEERLINGE

Verklaring en onderneming deur ouer dat sy/haar kind hom/haar hieraan sal onderwerp is reeds onderteken by aansoek om toelating.

10.1 VISIE

Die skep van ‘n akademiese atmosfeer sodat elke kind op akademiese gebied sy/haar potensiaal sal bereik. Die skep van ‘n atmosfeer van deelname en betrokkenheid sodat elke kind ten volle sal ontwikkel op geestelike, liggaamlike en sosiale gebied.

10.2 DOEL VAN GEDRAGSKODE

Goeie skooldissipline is ‘n belangrike eienskap van ‘n doeltreffende skool. Leerlinge leer die beste in ‘n ordelike en veilige omgewing. Die doel van die gedragskode is dus om te sorg dat:

- Hoërskool Labori ‘n goed georganiseerde en goeie skool is, waar ‘n akademiese atmosfeer heers en waar leer kan plaasvind.
- Hoërskool Labori selfdissipline bevorder.
- Hoërskool Labori goeie gedrag bevorder.
- Waar nodig gedrag gereguleer word.

10.3 VERANTWOORDELIKHEID VAN VENNOTE

- Die nodige toewyding van alle vennote, die ouers, leerlinge en opvoeders, is noodsaaklik vir goeie onderwys in Hoërskool Labori.
- Die finale verantwoordelikheid vir die gedrag van leerlinge berus by hulle ouers of voogde.
- Niks sal ‘n leerling daarvan vrystel om nie aan die gedragskode van Hoërskool Labori gehoor te gee nie.
- ‘n Opvoeder van Hoërskool Labori het dus dieselfde regte as ‘n ouer om die leerling te beheer en dissiplineer gedurende die tyd wat die leerling die skool, asook enige klas, skoolfunksie of skooluitstappie of skoolverwante aktiwiteit bywoon.
- Die skoolhoof of ‘n gedelegeerde opvoeder het die reg om enige leerling te deursoek vir ‘n gevaarlike wapen, dwelms, sigarette, alkohol, gesteelde eiendom of pornografiese materiaal.
- Indien ‘n leerling afwesig is moet sy ouer of voog die skool teen 08:00 die betrokke dag telefonies laat weet of, indien hy/sy nie oor ‘n telefoon beskik nie, moet daar die volgende dag ‘n afwesigheidsbrief, deur die ouer onderteken, ingehandig word.

10.4 DIE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEERLINGE

- Leerlinge moet mekaar wedersydse respek betoon.
- Leerlinge moet respek betoon teenoor onderwysers en ander ouer persone.
- Leerlinge moet daarna streef om die skool doeltreffend te laat funksioneer.
- Leerlinge moet die leerproses daadwerklik ondersteun, dus in klastyd word skoolwerk gedoen, huiswerk moet voltooi word en indien afwesig moet werk ingehaal word.
- Leerlinge moet die skooleiendom respekteer en daarna omsien.
- Leerlinge moet mekaar en die skool se eiendom uitlos.
- Leerlinge moet die omgewing skoon en netjies hou en nie kougom eet nie.
- Leerlinge moet hulle eie naam in ere hou.
- Leerlinge moet die skool se naam in ere hou.
- Die gebruik of besit van alkohol, dwelmmiddels, sigarette en gevaarlike wapens is verbode.
- Paartjies moenie hande vashou, mekaar omhels, soen of aan mekaar hang wanneer in skoolklere of op die skoolterrein nie.
- Leerlinge mag hulle nie aan seksuele bedrywighede skuldig maak nie.
- Die gebruik en hantering van selfone, ander tegnologiese apparate en oorfone tydens klastye en met klaswisseling is verbode en moet te alle tye afgeskakel en gebêre wees.
- Leerlinge in skoolklere moet te alle tye voldoen aan die voorskrifte ten opsigte van skooldrag en voorkoms.
- Die gebruik van vuil taal is verbode.
- Geen leerling word buite pousetye in die kafeteria toegelaat nie.

10.5 KLASKAMERREËLS (Konsep - elke onderwyser stel met klas op)

- As ‘n onderwyser praat moet ‘n leerling stilbly.
- Moenie onderwysers in die rede val nie, moenie jou maats in die rede val nie.
- Moenie aanmerkings op maats maak as hulle vrae vra nie.
- Boeke moet elke dag hier wees, huiswerk moet gereeld gedoen word, opdragte moet uitgevoer word en take moet op keerdatums ingehandig word.
- Stiptelikheid word verwag. Indien jy nie aan ‘n aktiwiteit kan deelneem nie, moet jy vooraf om verskoning vra.
- Geen leerling mag gedurende periodes buite klasse wees nie, behalwe met die onderwyser se toestemming.
- Verantwoordelikheidsin: Bewaar skooleiendom, apparate, plakkate, banke, drukspykers en tegniese instrumente. Krap op banke en mure en vuiltaal is streng verbode.
- Bly weg van die onderwyser se lessenaar.

10.6 ONDERWYSERS MAAK DIE VOLGENDE ONDERNEMINGS

- Leerlinge sal met respek behandel word.
- Onderwysers sal poog om ‘n akademiese klimaat vir leer te skep, leerlinge aan te moedig om te presteer en ekstra hulp verleen waar nodig.
- Onderwyser moet dissipline in klas toepas deur ‘n stel klasreëls te hê wat aan die leerlinge verduidelik word en waarvolgens dan streng gehandel word.

Onderwysers moet deeglik voorbereid wees:

- Moenie handboek laat oorskryf.
- Moenie slegs van transparante laat afskryf.
- Probeer om werk so interessant moontlik aan te bied.
- Onderwysers moet die heel tyd in die klas wees.
- Toetse moet binne twee tot drie dae gemerk en terug gehandig word.
- Werk wat ingeneem word moet gemerk word voordat dit terug gegee word.
- Onderwysers sal elkeen aanmoedig om sy potensiaal te bereik en nie klasse en individue met mekaar vergelyk nie.
- Onderwysers moet daarna strewe dat elkeen sy vak slaag en bereid wees om ekstra hulp te verskaf.
- Onderwysers moet nie in die klas eet nie.
- Indien leerlinge raas of moeilikheid maak en die skuldiges bepaal kan word, moet die hele klas nie gestraf word nie.
- Onderwysers moet nie vloek of vuil taal gebruik of suggereer nie.
- Onderwysers sal nie hul selfone in klastyd gebruik nie.